

# Vergewing

## Vergewing.

Kom ons begin met Johannes en kyk waar die bron van “vergewing” in lê:

*1 Joh 2:1-11,22-24 My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet wette oortree nie; en as iemand wette oortree het, ons het ‘n Voorspraak (Bemiddelaar) by die VADER, “YAHUSHA dié Gesalfde”, die Regverdige. :2 En Hy is ‘n versoening vir ons oortredinge, en nie alleen vir ons s’n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld. :3 En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons SY gebooie bewaar. :4 Hy wat sê: Ek ken Hom, en SY gebooie nie bewaar nie, is ‘n leuenaar en in hom is die waarheid nie. :5 Maar elkeen wat SY woord bewaar, in hom het die liefde van God VADER waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. :6 Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het. :7 Broeders, dit is geen nuwe gebod wat ek aan julle skryf nie, maar ‘n ou gebod wat julle van die begin af gehad het. Die ou gebod is die woord wat julle van die begin af gehoor het. :8 En tog skryf ek aan julle ‘n nuwe gebod wat waar is in Hom en in julle, want die duisternis gaan verby en die waaragtige lig skyn alreeds. :9 Hy wat sê dat hy in die lig is en sy broeder haat, is in die duisternis tot nou toe. :10 Wie sy broeder liefhet, bly in die lig, en in hom is geen oorsaak van struikeling nie. :11 Maar hy wat sy broeder haat, is in die duisternis en wandel in die duisternis en weet nie waarheen hy gaan nie, omdat die duisternis sy oë verblind het.:22 Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat YAHUSHA die Gesalfde is? Dit is die Antiekris-Nasaréner wat die “VADER en die Seun loën”. :23 Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die VADER nie. :24 Wat julle dan van die begin af gehoor het, laat dit in julle bly. As in julle bly wat julle van die begin af gehoor het, dan sal julle ook in die Seun en in die VADER bly.*

Kom ons lees ander verwysings oor die uitwys van waar ons vergewing lê:

*2 Joh 1:1 Die ouderling aan die uitverkore vrou en aan haar kinders(die 12 seuns)—wat ek in waarheid liefhet, en nie ek alleen nie, maar ook almal wat die waarheid leer ken het; :2 ter wille van die waarheid wat in ons bly en by ons vir ewig sal wees— :3 ~~genade~~ guns, barmhartigheid, vrede sal met julle wees van God VADER die Vader en van die ~~Here~~ Meester YAHUSHA die Gesalfde, die Seun van die VADER, in waarheid en liefde. :4 Ek was baie bly dat ek van u kinders gevind het wat in die waarheid wandel, soos ons ‘n gebod van die Vader ontvang het.:7 ... baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat YAHUSHA dié Gesalfde in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Anti gesalfde.:9 Elkeen wat ‘n oortreder is en nie bly in die leer van dié Gesalfde nie, hy het God VADER nie. Wie in die leer van Gesalfde bly, hy het die VADER sowel as die Seun.*

*Jud 1:4 Want sekere mense het ingesluip wat lank tevore al opgeskryf is vir hierdie oordeel, ~~goddelose~~(bose) mense wat die ~~genade~~(guns) van onse ~~God~~(VADER) verander in ongebondenheid, en die enigste Heerser, ~~God~~(VADER), en onse Meester YAHUSHA dié Gesalfde verloën.*

*1 Pet 1:1-3 Petrus, 'n apostel van YAHUSHA dié Gesalfde, aan die vreemdelinge van die verstrooiing in Pontus, Galásië, Kappadocië, Asië en Bithinië,:2 uitverkore volgens die voorkennis van ~~God~~ VADER die VADER, in die reiniging van die Gees, tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van YAHUSHA dié Gesalfde: Mag guns en vrede vir julle vermenigvuldig word! :3 Geseënd is die ~~God~~ VADER en VADER van onse Meester YAHUSHA dié Gesalfde wat na Sy grote barmhartigheid ons die ~~weeder~~-geboorte van bo geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van YAHUSHA dié Gesalfde uit die dode,*

*1 Pet 2:4 Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by ~~God~~ VADER uitverkore en kosbaar is; :5 en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n reine priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan ~~God~~ VADER welgevallig is deur YAHUSHA dié Gesalfde.*

*Open 1:1,2 Die openbaring van YAHUSHA dié Gesalfde wat ~~God~~ VADER Hom gegee het om aan Sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van Sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het, :2 wat getuig het van die woord van ~~God~~ VADER en die getuienis van YAHUSHA dié Gesalfde alles wat hy gesien het.*

Nou dat ons weet dat daar 'n VADER en 'n Seun is kan ons nou kyk wie nou werklik vergewe:

*Mat 9:2 En hulle het 'n verlamde man wat op 'n bed lê, na Hom gebring. En toe YAHUSHA hulle geloof sien, sê Hy aan die verlamde: Seun, hou goeie moed, "jou ~~sondes~~ oortredinge is jou vergewe"(Matt.9:5,6; Luk.7:48;) Hoor jy wat YAHUSHA hier sê in "jou ~~sondes~~ oortredinge is vir jou vergewe" YAHUSHA vergewe nie die persoon se oortredinge nie, maar as tussenganger (Middelaar) of Woordvoerder word oortredinge vergewe! Dus vergewe "VADER" die oortredinge in en deur YAHUSHA. YAHUSHA het die outoriteit by VADER ontvang om namens HOM( Dié VADER) die oortreding te vergewe. VADER berus HOM in SY Seun se beslissing en oordeel om te vergewe in HOM (Dié VADER).*

*In Mat 6:14 lees ons: Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle "hemelse VADER" julle ook vergewe. In 1 Joh 1:9 staan: As ons, ons oortredinge bely, Hy (VADER) is getrou en regverdig om ons die oortredinge te vergewe en ons van alle ongeregtheid te reinig.*

Die openbaring is dat niemand vergewing kan ontvang as VADER dit nie toegelaat deur SY Seun YAHUSHA nie.

In Joh 14:6 staan: *YAHUSHA antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die VADER behalwe deur My nie.* En ook in Mat 11:27 *Alles is aan My oorgegee deur My VADER, en niemand ken die Seun nie, behalwe die VADER; ook ken niemand die VADER nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit “wil openbaar”.*

Kom ons kyk na vergewing tussen jou mede broer.

*Luk 17:3 Pas op vir julleself. En as jou broeder teen jou oortree, bestraf hom; en as hy berou kry, vergewe hom.*

*Mat 6:15 Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle VADER julle oortredinge ook nie vergewe nie.*

*Mat 18:21 Toe kom Petrus na Hom en sê: Meester, hoe dikwels sal my broeder teen my oortree en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe?*

*Mat 18:22 YAHUSHA antwoord hom: Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe.* (Daar staan nie net 490 maal nie, maar 70 sewes langs mekaar, m.a.w. ontelbaar) As jy verder lees praat YAHUSHA van ‘n koning wat ‘n dienskneg vergewe en dat hy veronderstel was om sy mede broer te vergewe en toe hy dit nie gedoen het nie; *Mat 18:34 En sy heer het hom in toorn oorgegee aan die pynigers totdat hy sou betaal het alles wat hy hom skuldig was. :35 So sal ook My hemelse VADER aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie.*

Nou kan ons kyk of ons mag vergewe die wat teen jou oortree het.

*Joh 20:23 As julle die mense hulle oortredinge vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle oortredinge hou, dan is dit gehou.*

As ons nou mooi gelees het kan ons sien dat slegs VADER die vergifnis van wetsoortreding doen; tog het die mens ook die mag om normale of algemene oortredinge te vergewe. Dus as my mede broer teenoor my oortree het moet ek hom vergewe, “maar hy moet my om vergifnis vra”! wat nie mag geweier word nie. Nou kom die “maar” as hy my nie vergifnis kom vra nie mag ek hom nie vergewe nie! Hoekom? Omrede ons nie die VADER is nie! Jy het geen outoriteit of mag om te vergewe nie. As hy vra moet ons vergewe, maar meer as dit mag ons nie. Wat ook onthou moet word is dat die “vergewing-wet” slegs tot die uitverkore behoort. Dus as ‘n ander volk (*buite die 12 stamme*) teenoor jou optree mag jy vergiffenis tot hom weier, want hy is nie jou broer wat staan onder YAHUSHA en Sy wette nie.

Wat van die onvergeeflike oortredinge.

*Mat 12:31,32 Daarom sê Ek vir julle: Elke oortreding en lastering sal die mense vergewe word, maar die lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie. :32 ...elkeen wat spreek teen die Reine Gees, dit sal hom nie vergewe word nie, in hierdie eeu nie en ook in die toekomstige nie.*

Dus teen VADER se Rein Gees is onvergeeflik, maar daar is ook die wat verbastering doen en daarmee saamleef en so ook die wat verraad gepleeg het( *die wat uit kerke uit gestap het en die waarheid pad begin stap het en teruggaan kerke toe*).

Ek sluit net die woorde:

As jy nog nie die Seun “YAH ons LOSSER” ken as die Seun van “VADER” nie help dit niks jy bid nie. Jou gebed is ‘n gruwel in VADER se oog.

As andere oor jou wil bid en hulle het nog nie die Seun of VADER nie, jaag hulle van jou af weg.

As jy wel die Seun en VADER ken en jy bid saam met andere wat in baal name bid is jou gebed ‘n gruwel voor VADER.

In Mat 6:6 staan: *Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou VADER wat in die verborgene is; en jou VADER wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.*

Onthou vergifnis is daar vir die uitverkore nie vir ander volke nie. *In Deut. 23:6 staan: Jy mag hulle vrede en hulle geluk solank as jy lewe, vir ewig nie soek nie. YAHUSHA sê in Joh 17:9 Ek bid vir hulle; Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort.*

Baie kom in situasies waar hy dink dat hy ‘n keuse het om die oortreder (*moordenaar, plunderaar, geweldenaar, dief, leuenaar, ens*) wat ‘n ander volk is te vergewe. Jy mag hulle nie vergewe nie, al dink jy dat jy ‘reg of regverdigheid’ laat geskiet. Opdrag het ons wel ontvang dat jy jou mede uitverkore broer moet vergewe “as hy vra”.

Wat ook onthou moet word, as jy oortree het teen jou mede uitverkore broer en jy gaan na hom en vra(smeek) hom vergifnis en hy weier om jou te vergewe lê die saak voor YAH tot oordeel. Hy moes jou vergewe het en daarom sal hy nie in die duisend jaar van vrede kan ingaan nie, maar wel tot oordeel!

Wat ook onthou moet word is wanneer die saak tussen jou en ‘n volgende persoon te groot voel om te vergewe “gaan na drie ouer persone” om ‘n besluit te maak. Wat ook al die besluit (vergewe of nie), lê dit voor YAH. Moet nooit eie wil (mag en krag) of eie krag daarin lê of hê nie, want dit kan ‘n oordeel oor jouself bring.

Bedink dit.